



HOËRSKOOL WATERKLOOF

SPORT RUGBY



DOELWITTE

Klofie-rugby beoog om in die volgende drie jaar onder die top 5-rugbyskole in Suid-Afrika te wees om daardeur spelers 'n beter kans te bied om hulleself te ontdek en te ontwikkel. Met Rhino-rugby as borg van die skool se rugbytoerusting, kan spelers in hulle onderskeie posisies ontwikkel word.



Hoërskool Waterkloof staan as een van die toprugbyskole in Suid-Afrika bekend en lewer verskeie helde op wat vir die Springbokke speel: Faf de Klerk (skrumskakel), Rohan Jansen van Rensburg (senter) en Stedman Gans (7's-rugby). Topafrigters gee aan spelers die geleentheid om hulle talente te ontdek en só te ontwikkel dat hulle moontlik eendag die Groen en Goud oor hulle koppe kan trek.



NAVRAE

Lukas Holtzhauzen
Direkteur: Rugby
lukas.holtzhauzen@klofies.co.za



KOSTES

Toergeld is nie deel van skoolfonds nie en is vir die onderskeie rugbytoere betaalbaar.



OEFENTYE

Rugbyproewe, wat gebruik word om groepe van 40 spelers saam te stel, word na afloop van die laaste wedstryd in die seisoen gespeel. Dié spelers begin in September (weksdae tussen 16:00 en 17:45) met 'n voorseisoenprogram. Op Woensdae vind spesialis oefening, wat deur Blou Bul- en UP-spelers aangebied word, vir alle spelers plaas. Daar word op ingooie, skopwerk en vaardighede gefokus. Gedurende die rugbyseisoen word daar op Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 14:30 tot 17:30 geoefen en op Woensdae vanaf 15:00 tot 17:00.



AFRIGTING

Cobus van Dyk, die huidige voorspelerafrigter van die SA-skolespan, is tans die hoofafrigter van Klofies se eerstespan.

Renier de Villiers is by SARU se elite-groepe betrokke en was een van die 7's-afrigters van Suid-Afrika se span wat in Desember 2019 'n goue medalje in Dubai verower het. Renier is die hoëprestasiebestuurder by Klofie-rugby en is in beheer van die aanleer van vaardighede, ontwikkeling, Future Klofies en hy is ook die eerstespan se agterlynafrigter.

Jan Mollentze, wat die o.15A-span afrig, is al vir meer as vyftien jaar by die Blou Bulle-spanne betrokke.

Die rugbydirekteur, Lukas Holtzhauzen, het sy afrigtersloopbaan in Limerick, Ierland, afgeskop en was by topskole soos Hoërskool Outeniqua, Paarl Gimnasium, Oakdale Landbouskool en WP-Cravenweke betrokke. Hy was ook vir drie jaar die 7's-afrigter by die Noordwes Universiteit en Luiperde Rugby-unie en vir nege jaar by SWD-rugby betrokke toe hy in 2019 die o.16 Grant Khomo-afrigter was. Dié span het tweede in 2019 geëindig en het in 2017 in die finaal van die kompetisie gespeel.

Die afrigters by Hoërskool Waterkloof woon jaarliks afrigtingskursusse by om te verseker dat hulle steeds ontwikkel om sodoende die beste afrigters volgens hulle vermoë te wees.



DEELNAME

Jaarlikse derbys word teen skole soos AHS, Hoërskool Transvalia en KES gespeel. Die A- en B-spanne neem aan die Virsekerbeker-reeks deel waar hulle hulle staal kan wys om vir die Blou Bul-spanne gekies te word. Die eerstespan en die Torries (tweedespan) neem aan die Noord-Suidtoernooi deel en die eerstespan aan die KES Paastoernooi. Al die A-spanne en die Torries (tweedespan) neem aan die Wildeklawer-toernooi in Kimberley deel. Verskeie toere word gedurende die Maartvakansie onderneem: die o.16A-span neem aan die Paarl Gimnasium-toernooi deel en die o.14A-span aan die Kwagga-toernooi wat in George by Hoërskool Outeniqua aangebied word. Die o.15A-span neem gewoonlik aan die Francois Swart-week by AHS deel, maar daar word beplan dat hulle in 2021 aan die Paarl Boys High-toernooi sal deelneem.



#grensloos